

Week 3 en 4 (20 Julie – 31 Julie)


Aanbeveling: Doen 2 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

Wiskunde (CAMI oefeninge is opsioneel)

Soos verduidelik in die CAMI brief - Volg die volgende roetes om by die oefeninge uit te kom soos verwys in die onderstaande kontrolelys.

1. Klik op oefen.
2. Klik op wiskunde.
3. Klik op onderwerpe.
4. Gebruik die soek funksie en tik die CAMI kode in.
5. Maak seker u kies Graad R by die graad opsie. Klik op soek.
6. Klik op die skakel wat opkom. Dit sal u na die oefening neem.

- Kwartaal 2 DBE Rooiboek - Voltooi bl.6 - 11.
- Noem die dae van die week op. Sê watter dag was dit gister? Watter dag is dit môre?
- Tel tot by 20.
- Tel terug van 10 - 1.
- Bou 'n legkaart. (CAMI: 2206, 2212)
- Getalname, getalsimbole en kolkaarte 1 - 5. (CAMI: 5006, 5019, 5028)
- Meer of minder. (CAMI: 5071)
- Patrone (CAMI: 5519)
- Kan rigting volg op 'n pyltjiekaart.



Mamma gebruik 'n soortgelyke blad.

Vra in watter rigting wys 'n spesifieke pyltjie. Leerder antwoord links, regs, op, af, skuins op of skuins af.

- Herken simmetrie. (CAMI: 2457)
- Woordprobleme tot en met 5, byvoorbeeld:
 - 'n Boer het 3 perde. Hy koop nog 2 perde. Hoeveel perde het hy nou?
 - Mamma het 5 kolwyntjies. Jy eet 1 op. Hoeveel bly oor?
 - Jy speel met 4 albasters. 2 rol onder die bed in. Hoeveel albasters het jy oor?

Huistaal

- Identifiseer die beginklank van woorde. Mamma noem 'n paar woordjies op. Na 'n paar oefenrondtes moet mamma/ pappa 'n masker opsit en weer woordjies gee.
- Mamma lees vir jou 'n kort storie. Jy moet mooi luister, want jy gaan vir mamma die storie oorvertel. Kan jy sê wie is die karakters wat in die storie voorkom?
- Help vandag om die sokkies te sorteer. (Mamma kan so 5 of 6 pare sokkies deurmekaar maak vir jou.)
- Mamma soek in 'n tydskrif of boek vir jou 'n prentjie. Dit kan enige iets wees wat bekend is aan jou. (Bv. iemand in 'n winkel, by 'n dokter of 'n mooi huis.) Vertel in 5 volsinne vir mamma wat jy sien in daardie prent.
- Gebruik nou dieselfde prent en vertel vir mamma van iets wat jy al beleef het wat verband hou met die prent. (Bv. iets wat gebeur het met jou toe jy in 'n winkel was, hoe jy gevoel het toe jy by die dokter was of iets wat jy by jou huis gedoen het.)
- Vou 'n A4 bladsy in die helfde. Maak nou die bladsy oop. Teken enige prentjie op die linkerkant van die blad. Maak 'n sinnetjie wat pas by jou prentjie. Mamma skryf die sin liggies met potlood op die regterkant van die bladsy. Vat nou 'n ander kleur kryt en skryf bo-oor mamma se woorde.

- Mamma skryf die Kammaland klankies (w, v, m, n, r, l, h, t, o, a en g) rond en bont op 'n papier neer. Die leerder maak nou sy/ haar oë toe en druk op die bladsy. Die leerder benoem dan die klankie waarop sy/ haar vinger geland het.
- Oefen om jou klankies te skryf in die sand, in die wasem op die ruit of met vingerverf. Sê die klank se naam hardop terwyl jy hom skryf.
- Mamma noem woorde op en jy klap op sekere woorde. (Bv. klap op die woord rot: rot, mot, rot, rot, rol, ens.)
- Verbeel julle, julle is op pad winkel toe. Mamma/ Pappa maak 'n kort lysie van 5 items wat julle kamstig nodig sal hê. Die leerder moet die lysie op sy eie papier oorskryf. Byvoorbeeld:

brood
melk
water
eiers
sop

Onthou ons skryf van links na regs en van bo na onder.

Motoriek

- Huppel: om die leerder te motiveer kan 'n liedjie gespeel word en hy/ sy moet huppel totdat die musiek stop.
- Gallop soos 'n perdjie. Onthou een voetjie bly die heelyd voor soos jy gallop.
- Gooi en vang 'n bal vir jouself, deur byvoorbeeld die bal teen 'n muur te bons en dan weer te vang voordat dit die grond tref.
- Maak 'n teikenmerk teen 'n muur en mik om dit 10 keer met bal raak te gooi.
- Gooi en vang 'n bal met iemand anders.
- Pak 6 stoele in 'n ry en laat die leerder deur elke stoel vleg soos 'n patroon: bo-oor dan onderdeur, bo-oor dan onderdeur...

- Plaas 8 lyne op die vloer met kleeflint/sokkies/geteken. | | | | | | | |
Die leerder hou sy voete teen mekaar en spring dubbelvoet oor elke lyn.
- Gebruik dieselfde lyne en laat die leerder met alternatiewe voete oor die lyne spring. Bv. spring met die regterbeen oor die eerste lyn en dan met jou linkerbeen oor die tweede lyn.
- Mamma/Pappa klap 'n patroon en die leerder moet die patroon volg. Begin eenvoudig en dan ingewikkeld.

Doen en Leer

My groenboek kan ongelukkig nie meer deur Juffrou gemerk word nie en is dit my verantwoordelikheid om getrou die weeklikse werk te voltooi.

- Voltooi en haal in: Week 19

Slegs leerders met komorbiditeite

Slegs die leerders met komorbiditeite wat boeke kom afhaal het, voltooi ook die volgende werk. Hierdie werk word met die res van my klasmaats gedurende klastyd behandel.

1. Spogboek: Voltooi asb. Kwartaal 2 se volgende bladsye:

- Voëls,
- Insekte,
- Diere onder die grond en
- Skoene en Spore

2. Kwartaal 3 DBE Rooiboek

- Voltooi bl. 11 - 20

3. Maak asb. kontak met die klasonderwyser om seker te maak of daar vir die week ekstra kunswerk by die skool afgehaal moet word. Die werk sal voorsien word waar moontlik.



Doen net jou
beste!

